BEELD, MAANDAG, 24 FEBRUARIE 1975



## Free People's Concert

# 'n Fees wat almal geniet

deur PAUL VAN DER BIJL

DIE folk-gemeenskap van Johannesburg het die eerste dag sonder reën in 'n lang tyd gevier met die jaarlikse Free People's Concert by Wits. Langer as 12 uur het van die beste kunstenaars in die land liefhebbers vermaak.

Ná so 'n konsert besef 'n mens weer eens hoe baie werklik goeie folk-komponiste daar op eie bodem is. En hoe min 'n mens van hulle hoor oor die SAUK of van die platemaatskappye. Mike till Midnight op Saterdagaande is omtrent al program wat van die mense se werk speel.

Dat mense soos John Clegg en Sipho Mchunu se pragtige Zoeloe-liedjies net in lewende lywe gehoor kan word, is 'n skande. Hulle het 'n nuwe insig gegee aan daardie, vir die Westerse oor, eentonige stapliedjies van die Zoeloe. Paul Clingman het dieselfde ritmes uitgebrei en die Engelse woorde so dieper in Afrika gebodem.

'n Soort musiek wat 'n mens natuurlik kan koop as 'n mens daarvoor gaan soek, is die Township Jazz. Die Cheyennes van Durban het hierdie half-vrye musiek meesterlik uitgebeeld. Die lede van die orkes het in die koordele heg gebind en die soliste pragtig ondersteun. Ek verwonder my elke keer wanneer ek Teaspoon se saksofoon hoor. Die man kry dit werklik reg om die stuk me-taal te laat sing.

Andrew Tracey en sy Steel Band het hul halwe oliekonkas wonderlike musiek laat maak. Hul weergawe van Dueling Banjos is half ongelooflik. Die Blue Grass-groep van Durban Shinnery het dieselfde stuk op die meer klassieke manier gespeel en dit 'n dimensie gegee wat dit nie op die oorspronklike plaat gehad het nie. Hierdie vier manne is seker van die beste snaar-instrumentaliste in die land. Hul vertolkings van die suiwer Blue Grass is so goed soos die beste wat 'n mens op plaat kan koop, en heelwat beter as die meeste.

'n Groep Ierse immigrante, Sage, het Ierse volksliedjies op klassieke wyse uitgebeeld. Ek kan myself verluister aan die stemval van die mense — 'n stemval wat ek voel spesifiek vir sing daargestel is. As die mense groet, klink dit soos 'n Georgiaanse lied. Nog 'n groep wat hul eie in-(of uit-) heemse musiek bedryf het, was Ahmed Mhukhatar. Hier voel ek dat nieteenstaande Ravi Shankar se pogings om die soort Oosterse musiek in die Weste bekend te stel, dit my verstand nog te bowe gaan.

Die ritmes wat hul uitbeeld, het dit wel moontlik gemaak dat ek op die harde plavysel aan die slaap kon raak.

Die verrassingsgas van die aand was Jeremy Taylor. Dié man het sy musiekhorisonte werklik utgebrei sedert hy in Engeland woon. Sy humor in die liedjies het heelwat subtieler geword, en sy stem het 'n meer genoegsame toon aangeneem. Hy het sy bydrae afgesluit met Ag Pleez Daddy, en goed 90 persent van die gehoor het lustig saam gesing aan dié klassieke stukkie Suid-Afrikaanse Folk-musiek. Die liedjie bly maar nog een van die grootste stukke humor wat in of oor die land geskryf is.

Nog 28 groepe of individue het opgetree. Die meeste was goed, sommige minder so, maar almal het hulle terdeë geniet. Dit bly een van die aangenaamste vermake wat daar in Johannesburg te kry is — of 'n mens maar net gaan luister of deelneem. Wat hierdie konserte waarskynlik so genotvol maak, is dat dit so duidelik is dat die musikante dit geniet. Alle lof aan David Marks en sy mense wat die folk-fees van die jaar in Johannesburg weer suksesvol gereël en laat afloop het.